Masilonyana moet opdok ná brand

Mike van Rooyen

DIE Masilonyana-distrikmunisipaliteit in Theunissen moet meer as R5,2 miljoen opdok nadat 'n brand by sy stortingsterrein by Verkeerdevlei en Tsepong ontstaan het en 3 000 hektaar weiveld op plase vernietig het.

Regter Fouché Jordaan het in die Vrystaatse hooggeregshof gelas dat die munisipaliteit ook die regskoste van die 11 boerderye en een beslote korporasie in die distrikte Verkeerdevlei, Brandfort en Winburg wat skade gely het, moet betaal.

Dit sluit ook die koste van vyf deskundige getuies in.

Die brand het op 11 Augustus 2012 by die stortingsterrein ontstaan en in 'n suidoostelike rigting na die S104-pad versprei.

Die wind het brandende vullis oor die pad gewaai, van waar die brand na verskeie plase versprei het.

Luidens die hofstukke was die munisipaliteit en sy werknemers nalatig deurdat hulle die stortingsterrein nie behoorlik bestuur het nie en nie seker gemaak het dat 'n brand by die stortingsterrein wat geblus was, nie weer opvlam nie.

Hulle het ook nie genoeg brandslaers oor naweke beskikbaar gehad nie, word beweer.

Hendrik Smith van Brandfort het die grootste skade gely. Die munisipaliteit moet aan hom R1,8 miljoen uitbetaal vir natuurlike en aangeplante weiding wat afgebrand het, asook vir plaasheinings en 'n staalpakhuis met voer in wat beskadig is.

Die munisipaliteit moet aan die beslote korporasie JDA Polyethylene Pipes wat 'n fabriek op die plaas Mooispruit by Brandfort het, R347 000 betaal nadat 'n groot hoeveelheid toerusting in die brand beskadig is.

Eise wat aan die ander boere uitbetaal moet word, wissel van R37 914 tot R567 400.

Die meeste skade is weiveld en voer wat vernietig is, heinings wat beskadig is en veeverliese.

Van die boere moes ook hul vee verkoop omdat hulle nie meer weiveld gehad het nie en het só ook skade weens 'n verlies aan inkomste gehad.

Adv. Joubert Zietsman het in opdrag van Henry Buchner van Honey-prokureurs vir die eisers en advv. N. Cassim, SC, en N. Tee vir die munisipaliteit opgetree.